Jou gat my Skat!

- 'n komedie in een of baie bedrywe -

geskryf deur

Barry van Rensburg

Toestemming vir opvoerregte berus by:

Barry van Rensburg

e-posadres: barry@windgat.co.za

Jou gat my Skat!

‘n Komedie in een of baie bedrywe

Skrywer: **Barry van Rensburg**
Regisseur: **Elizma Badenhorst**
Akteurs: **Cobus Venter**
Marisa Drummond

SPELERS:

Slappies Slabbert: Man in sy dertigs. Tipiese slapgat houding, kleredrag, en taal
Harda Harding: Ook mid dertigs. Hardegat in styl en houding

DIE STUK LOOP SOVER MOONTLIK AAN-EEN, MET TONELE WAT IN DIE AGTERGROND VERANDER TERWYL EEN VAN DIE TWEE AKTEURS MET DIE GEHOOR PRAAT. OF TONELE KAN PER BELIGTING EN VINNIGE KOSTUUM-VERANDERINGS GESKEI WORD. DIE REGISSEUR SAL DAARDIE BESLUITE NEEM

DIE AFSKOP TONEEL IS ‘N TIPIESE LEEFKAMER. SLAPPIES PROBEER HOMSELF LEER MONDFLUITJIE SPEEL. BROM-PRAAT MET HOMSELF . HARDA KOM IN

HARDA:
Jy maak my so kwaad! Jy sit alweer met jou ellendige mondfluitjie en ploeter terwyl daar werk is om gedoen te word! Hoekom kan jy nie net een keer doen wat ek verwag nie?! Hoe ons twee by mekaar uitgekom het, weet ek nie. Dis ‘n ramp dat teenoorgesteldes mekaar aantrek...

S:
En uittrek! MAAK KNOOP-LOSMAAK BEWEGINGS. Maar dís nie ‘n ramp nie. Inteendeel! Jy’s nie dalk lus vir...

H:
Daar doen jy dit weer! Ugh! Maak grappe terwyl ons lewens in ‘n krisis...

S:
Ek het net gedink, siende dat...

H:
AFGEMETE Moenie my in die rede val as ek jou in die rede val nie! KYK ROND Die plek lyk alweer soos ‘n varkhok! Kan jy nie in hemelsnaam goed agter jou bêre nie!

S:
Ja my Skat. Goed my Skat.

H:
Jou gat my Skat! Eendag is eendag ... SY DRAAI OM EN BEGIN GOED OPTEL. SLAPPIES SALUEER AGTER HAAR RUG

S: DRAAI NA GEHOOR. BEGIN FLUISTER-PRAAT, MAAR GAAN GOU OOR NA NORMAAL Verskoon tog, maar dit gaan elke dag so. O ja: ek is Slappies Slabbert. Eintlik Bernardus Johannes Slabbert, maar my moeilike name het gou weggeval. Gaandeweg het Slabbert toe Slabs geword. En toe Slappies. G'n mens weet hoekom nie. BEDUIE OOR SY RUG Dis my vrou daai. Gaan maar stram tussen ons twee. KYK VERSIGTIG OM TERWYL HY PRAAT Hardegat sy. As ek jou kan aanraai, loop maar wye draaie om haar. Sy gee 'n nuwe, diepere dimensie aan die woord 'hardegat'.

H:
Hou op staan en praat met jouself en kom help opruim. Dis per slot van rekening jy wat die plek gisteraand so gelos het.

S: KYK NA GEHOOR MET 'N: 'SIEN, DIS WAT EK BEDOEL'
Ja Skat. BEGIN OPRUIM, MAAR SKUIF EINTLIK NET GOED ROND VAN EEN HOOP NA 'N ANDER

H:
DRAAI NA GEHOOR Ten minste die helfte van julle het die volste simpatie met my. My naam is Harda. Eintlik Gerharda, Gerharda Harding. Ek het my van gehou. Maar Gerharda het mettertyd Harda geword. G'n mens weet hoekom nie. Ek hou niks van die naam nie. Ek en daardie EFFE VERMAKERIG vriendelike, goedhartige vredeliewende man WYS NA HOM is al 7 jaar lank getroud. Hy's so gemaklik oor die lewe dit maak my siek! Eintlik is hy maar net slapgat. Maar die helfte van julle sal natuurlik dink dis in orde so. Om met 'n slapgat *vriende* te wees kan nog gaan, maar om met een *getroud* te wees...

S:
Skattebol, waar kom die vuil wasgoed nou weer? Jy hou blykbaar nie daarvan op die vloer nie...

SY GAAN SIT OP 'N KROEGSTOEL AAN KANT VAN DIE VERHOOG. HAAL 'N LYSIE TE VOORSKYN

H:
As daar van julle is wat dit wel oorweeg om met 'n slapgat deurmekaar te raak, het ek raad vir julle, raad uit dure ondervinding gebore:

Punt 1: 'n Slapgat het geen benul van tyd nie. Moet dus nie die moeite doen om hom 'n dagboek present te gee nie. Hy sal binne twee dae vergeet waar hy dit laat lê het.

En dan is hy altyd laat. As die slapgat Noag was, sou die ark met die diere sonder hom vertrek het!

SLAPPIES GOOI DIE LAASTE GOED TERUG OP DIE VLOER EN KOM OP ‘N KROEGSTOEL SIT AAN DIE ANDER KANT VAN DIE VERHOOG, BESLIS SONDER ‘N LYSIE. DIE TWEE WEET NIE VAN MEKAAR NIE

S:
Soos ek gesê het: ek is met ‘n hardegat getroud. Man, is dit nou ‘n gesukkel om met dié spesie oor die weg te kom. Byvoorbeeld: moet nooit ‘n hardegat sy of haar opinie vra nie. Dit eindig altyd in ‘n lesing, met aanwysings van hoe jy behoort te dink.

H:
Punt 2: moet nooit ‘n slapgat glo as hy sê hy’s jammer nie. Hy doen dit net om uit die moeilikheid uit te kom! Sy berou is gewoonlik so vlak soos ‘n piering.

S:
‘n Ander ding: hardegatte sê nooit hulle is jammer nie, nooit nie. MOK HAAR ‘Ek sê nooit jammer nie, want ek’s nooit verkeerd nie’

En nog ‘n ding: moet nooit iets by ‘n hardegat leen nie... hulle wil dit terug hê!... Hulle wil dit *heel* terug hê.

H:
Punt 3: Slapgatte maak van als ‘n speletjie, selfs van werk.

S:
Hardegatte maak van als werk, selfs van speel. Van speel gepraat: moet liewer nie met hulle games - soos kaart of 30 seconds - speel nie nie. Dis glad nie lekker nie. Hulle hou hulle by die reëls! ... Altyd. Harda sal nie verneuk nie, nie eens as ons ‘cheat’ speel nie!

H
Vir slapgatte is die lewe een groot ... karnaval. Happy go lucky.

S:
Vir hardegatte is die lewe ‘n ... kompetisie – iemand moet altyd wen HY WYS VERSIGTIG NA HARDA en iemand verloor WYS NA HOMSELF ...

H:
Speel, grappe maak, lag...

S:
Werk, presteer, frons...

H:
Die vreemde is dat hierdie sorgvrye lewenshouding my aanvanklik aangetrek het...

S:
Haar struktuur en orde was ‘n magneet... Maar nou versmoor haar lewenspatroon my. Dit voel soos in die army. Die samjoor is oral!
Ek dink hardergatte kies juis slapgatte as lewensmaats om iemand te hê om rond te order! Ons is ‘maklike teikens!’

SLAPPIES STAAN OP EN LOOP UIT

H:
Maar nou irriteer sy slapgat ‘sorgvrye’ lewenshouding die lewe uit my uit! Ek is moeg om verantwoordelikheid vir ons albei se lewens op my skouers te neem. Jy weet wat ek besef het? Slapgatte kies ons hardegatte as lewensmaats om iemand te hê om vir hulle die dinkwerk en doenwerk te doen.
Ek weet nie hoeveel langer ek dit kan uithou nie. Als wat hy doen irriteer my deesdae. En dis elke dag se ding...

SLAPPIES SIT REEDS IN SY KAR. PRAAT MET GEHOOR

S:
WYS NA SY KAR Dis my prinses. Sy vat my waar ek wil wees, kla nooit nie, smeek nie elke maand dat ek haar moet was nie, hoef haar nie gereeds te komplimenteer nie, sy verstaan my nooit verkeerd nie, reageer as ek op haar knoppie druk – wel, meeste van die kere. Maar ‘madam’ trek mos haar neus op vir my prinses. Hoekom weet ek nie.
KYK OM Chips! Hier kom sy!

H:
SUKKEL OM DEUR OOP TE KRY Nou waar is ek veronderstel om te sit?

S TEL DENKBEELDIGE ROMMEL OP VAN SITPLEK EN GOOI DIT AGTER TOE. DRINK EERS DIE LAASTE SLUK UIT ‘N BOTTEL

S:
So ja. Klim maar in. Pasop net vir die goed op die vloer.

H:
Jou kar lyk alweer soos ‘n varkhok! Kom ons ry.

S:
SUKKEL OM MOTOR TE START Kom nou prinses! Kwaai oë kyk vir ons.

HARDA:
Skud op! Ek het nie heeldag tyd nie. MOTOR VAT

S:
Dis ‘n openbare vakansiedag, Harda. Ons hét die heel dag tyd. En ons gaan net vir mense kuier, no big deal.

HARDA:
Dit is ‘n ‘big deal’. As ek gesê het 4 uur, dan sal dit 4 uur wees. Weet jy waar die mense bly?

S:
Êrens in Melville. 4de laan of 4de straat.

HARDA:
Maar jy ry nou weg van Melville af! Beplan jy dan nie jou rit nie?! Draai dadelk om. Daar voor by die robot... Nee, jy mag nie ‘n u-draai maak nie!!! Gee my krag! Die adres is op die uitnodiging. Kom ons kyk gou.

S:
Dit ... lê nog op my lessenaar...

HARDA:
Tipies! Pasop daai fiets! Kyk waar jy ry! Jy konsentreer nie! S SWAAI EFFENS UIT Maar ons was al voorheen by die mense. Die adres moet op jou GPS wees.

S:
Die ding is stukkend.

HARDA:
Maar ek het jou al verlede maand gesê om die ding te laat regmaak!

S:
Ek het dit beplan, maar toe val daar iets voor... WAAI VIR ‘N MOTORIS Haai my ou! AAN HARDA Dis Steven van die Darts klub. Interessante ou. Nou die dag het hy ...

HARDA:
Pasop! Daai taxi gaan voor jou indraai!

S:
TRAP REM, SWAAI UIT EN RY VOORT Versigtig, my ou. Nogal haastig lyk dit my.

HARDA:
Toet vir die ou. Selfsugtige padvark! PROBEER SELF DIE TOETER DRUK

S:
Los die man. Ons almal maak foute.

HARDA:
Dis hoekom hulle so sleg bestuur. Dis omdat mense soos jy hulle met moord laat wegkom. Hoe kan jy so kalm bly!?

S:
'n Ander mens se slegte optrede gaan nie my gemoedstoestand bepaal nie. Dalk is hy regtig haastig. Siek kind of so iets dalk...

HARDA:
Wat mý siek maak is jou positiwiteit. Jy sien nooit die slegte in mense raak nie.

S:
AANGEHOOR Dis hoekom ek met haar getrou het.

HARDA:
Wat sê jy?

S:
Ek... ek sê 'n mens moet maar net getrou aan jouself bly.

HARDA:
Pasop! Jy het nou net oor 'n rooi lig gery!

S:
Oeps! Dis omdat ons so lekker gesels het...

HARDA:
KYK LINKS Daar het jy dit! 'n Verkeerskonstabel. Hoe kon jy so onverantwoordelik wees?

SLAPPIES STOP DIE MOTOR EN PROBEER DIE VENSTER AFDRAAI. DIT HAAK VAS EN HY MOET DIT MET SY HANDE AFREM

S:
Hier kom moeilikheid. Ek hoop net nie dis 'n harde...

HARDA:
Dis jou verdiende loon. Kyk of jy jou uit hierdie gemors gaan praat.

S:
More meneer!... Bestuurders-lisensie? Vrou, het jy dit dalk in jou handsak?

HARDA GOOI HAAR HANDE IN DIE LUG EN RAAK STYWE-LIP EN KYK WEG. SLAPPIE KYK NA VERKEERSMAN SE NAAMPLAATJIE Minnie? Familie van Derik Minnie wat vir die

Leeus speel?...Neef?...Wow!...Speel jy ook?... Ek? ... Nee, my knieg het probleme begin gee.

SLAPPIES KLIM UIT MOTOR EN SOSIALISEER VERDER, HAND OM SKOUER, LAG, ENS

HARDA:
DRAAI NA GEHOOR Tipies slapgat! Beplan nie sy rit nie, vergeet die adres, laat lê sy lisensie. En dan skop sy gladde bek in. En as twee slapgatte bymekaar kom... WYS OOR HAAR SKOUER WAAR DIE TWEE STEEDS LAG EN MEKAAR OP DIE SKOUER KLOP ...word daar praatjies gemaak, tyd gemors, grappe uitgeryg. Dis om van naar te word. Die hardegatte onder julle sal weet waarvan ek praat.

S:
Saterdag se game teen die Stormers, waar gaan jy dit kyk? ... Nooit. Jy kom kyk by my... Nee, sy sal nie omgee nie. HARDA RUK HAAR OP WAAR SY IN DIE KAR SIT Kom so vieruur, dan braai ons na die tyd... Natuurlik kan die vrou en kinders saamkom. Hoe anders?

SLAPPIES SKUD DIE VERKEERSMAN SE HAND EN HULLE GAAN AS OU VRIENDE UITMEKAAR. HY KEER TERUG NA 'N OMGEKRAPTE HARDA

S:
Wat 'n nice ou. Ons gaan nog dik vr...

HARDA START DIE MOTOR EN RY WEG EN LOS 'N VERDWAASDE SLAPPIES AGTER

S:
Wat's dit met haar? DRAAI OM NA VERKEERSMAN Haai my ou, hoe lyk dit met 'n lift na my plek?...

SLAPPIES STAP AF MET VERKEERSMAN. HARDA KLIM UIT MOTOR EN DRAAI NA GEHOOR

H:
Slapgatte se sosiale vaardighede kry hulle telkemale uit die moeikikheid, en dompel gewoonlik dan die hardegat in die moeilikheid in!

En dan kan jy ook nie op 'n slapgat reken om betyds te wees nie. En dis nog 'n area waar ons soos dag en nag verskil.

Nou die dag se skoolkonsert het dit weereens duidelik gedemonstreer.

HARDA SIT AL BY DIE SKOOLKONSERT EN WAG VIR SLAPPIES. DIE KINDERS NEEM AL DEEL EN DIS AMPER KLEIN HARDENE SE BEURT

H:
Waar bly die man!? Dis amper Hardene se beurt. Hy gaan alweer laat kom! Ag tog! HAAL DISKREET HAAR SELFOON UIT EN PROBEER SLAPPIE BEL. SY FOON GAAN OOR OP VOICEMAIL. SY FLUISTER-PRAAT Waar jy!?! Dis binne minute ons kind se beurt! My magtag man. Kom net!

DAN BEGIN HARDENE OPTREE EN HARDA KYK EN GLIMLAG STRAM. SÊ DIE WOORDE SAAM MET HAAR KIND. MAAR HEELTYD KYK SY DEUR SE KANT TOE. DAN IS HARDENE KLAAR EN ALMAL KLAP HANDE. HARDA BRIESEND.

DAN DAAG SLAPPIE OP. GROET ALMAL EN SKUD HAND SOOS HY MET DIE RY LANGS INSKUIF. DAN GAAN SIT HY EWE ASOF NIKS VERKEERD IS NIE. HARDA OPGEPOF

S:
ASOF BOTTER NIE IN SY MOND KAN SMELT NIE Wat?

H:
Jy weet goed wat! Slabbert, nou het jy te ver gegaan!

S:
Ek het net vergeet om te skeer en toe moes ek terug ry en toe bel Steven met die skreeusnaakse grap. Dis van die ou oom wat...

H:
Jy is laat, soos gewoonlik! Hoe kon jy!?

S:
Wanneer is dit ons kind se beurt?

H:
KIL TUSSEN HAAR TANDE DEUR Vyf minute gelede, Mnr die Model pa! Sy't gekyk of jy hier was, en haar pa was nie hier nie!

S:
Oeps! Daar's darem nog altyd 'n volgende keer. En hoe was sy?

HARDA WYS HAAR MISNOË DUIDELIK. STAAN OP EN STAP NA DIE GEHOOR. INTUSSEN MAAK SLAPPIES SMALL TALK MET ANDER MENSE IN SKOOLSAAL TERWYL HARDA MET GEHOOR PRAAT. SLAPPIES GROET EN STAP DAN AF

H:
Slappies het my nou so omgekrap oor sy slapgatgeit. En ek gaan nog lank kwaad bly. Ek kan nie anders nie, dis maar net soos ek is. Maar hy het al klaar daarvan vergeet. Kyk daar, sy goeie irriterende self asof niks gebeur het nie. Dit dryf my teen die mure uit.

Hoekom moet mense so verskil? Waar kom dit vandaan? Wat ek wel weet is dat ons van kleintyd af so is, elkeen met sy eie geaardheid...

SLAPPIES KOM OP, AANGETREK AS 'N DOGTERTJIE. HAAR NAAM IS ISABELLA

ISA:
Tannie Harda, dis ek, Isabella! My ma het my gestuur om hier te kom speel omdat sy sepies op TV wil kyk. Is Hardene hier?

HARDENE KOM OPGESTAP

HARDENE:
Hi Isabella. Is ek nog jou beste maatjie?

ISA:
Miskien. Ek kom by jou speel.

HAR:
Dis nice van jou. Wat gaan ons speel?

ISA:
Ons gaan huis-huis speel.

HAR:
Maar ons het laas keer huis-huis gespeel. Kan ons nie liewer...

ISA:
Huis-huis!

HAR:
Maar dié keer wil ek die ma wees.

ISA:
Nee, ek is elke keer die ma.

HAR:
Ek wil nie weer die pappa wees nie. Want mamma raas altyd met hom.

ISA:
Jy kan die au pair wees as jy wil.

HAR:
Maar ek wil die m...

ISA:
Of die huishulp.

HAR:
Maar ek wil nie!

ISA:
Het jy nie ore nie!? Ek is die ma en jy kan wees wat jy wil. Klaar gepraat!

HAR:
Jy's lelik met my. Van vandag af is jy nie meer my beste maatjie nie.

ISA:
Wel, jy is al van gister af nie meer my beste maatjie nie!

HAR:
Dan vat ek al my speelgoed!

ISA:
Jy kan nie! Ek is die ma, onthou, en ek besluit wat gebeur.

HAR:
Dis nie lekker hier by jou nie! Hoekom kan ons nie mooi met mekaar sp...

ISA:
Wil jy met my speel of nie?

HAR:
Ag okei, Isabella. Moet net nie lelik wees met my nie.

ISA:
Reg. Dis wat ons gaan doen: ons gaan 'n huis onder die tafel bou deur...

INTUSSEN HET HARDENE WEGGEDWAAL EN STAAR BY DIE VENSTER UIT

ISA:
Hardene, konsentreer!

HAR:
Kyk daai mooi voëltjie in die boom. Ek wonder of sy eiertjies...

ISA:
Fokus! Ons is besig om 'n huis te bou. Ek gaan 'n kombers oor die tafel gooi dan is dit ons huis. Help my dan skuif ons die tafel. ONGEDULDIG Kom nou, ons het nie heeldag tyd nie.

HAR:
Ek is honger. Ek wonder wat mamma vir middag-ete gaan maak. BEWEEG KOMBUIS TOE

ISA:
Vergeet van kos en help my.

HAR:
Waarmee?

ISA:
Met die tafel! Hoekom is jy so ... deurmekaar? Hoeveel keer moet ek dieselfde ding sê voor jy luister?

HAR:
My ma sê die dokter sê ek ly aan ... ABC.

ISA:
BETERWETERIG Jy bedoel ADD.

HAR:
Ja! Wat beteken dit?

ISA:
ADD beteken jy is ... Aan-die-slaap ... Deurmekaar en ... 'n Dagdromer.

HAR:
Ernstig? Dis cool!

ISA:
Dis nie cool nie. Hoekom kan jy nie meer soos ...ek wees nie?

HAR:
My ma sê dis als my pa se skuld. Sy sê ek het haar naam, maar my pa se jeans (genes)?

ISA:
Jy sal snaaks lyk in jou pa se jeans.

HAR:
Sy sug gewoonlik as sy dit sê. Ek weet nie hoekom nie, want Hardene is 'n mooi naam.

ISA:
Gaan haal dadelik 'n kombers om oor die tafel te gooi.

HAR:
Hoekom?

ISA:
GOOI HAAR HANDE IN DIE LUG Die huis, onthou?

HAR:
O ja. Maar hoekom moet ék?

ISA:
Want jy is die bediende! Du!

HAR:
Maar ek wil nie die bediende wees nie! Kan ek nie asseblief tog net eenkeer die ma...

ISA:
Nee! Read my lips... Nee!

HAR:
Ek gaan my ma sê.

ISA:
Moenie so kerm nie. Jy's 'n regte baba!

HAR:
Ek is nie 'n baba nie!

ISA:
Baba! Baba!

HAR:
Jy's alweer lelik met my! Jy maak my hartjie baie baie seer.

ISA:
Lekker man, lekker!

HAR:
Dis nie soos beste maatjies maak nie. LUISTER Daar roep jou ma. Jy moet nou huistoe gaan.

ISA:
Dankie vir die speel. Ek moet nou gaan musiek oefen. My ma sê ek moet, maar ek haat dit. Klavier suck!

ISABELLA STAP AF

HAR:
ONDERLANGS Lekker man, lekker.

DRAAI NA GEHOOR TERWYL SY HAAR KINDERKLERE UITTREK

H:
Ja, van kleins af is die hardegatte en die slapgatte aan mekaar. Wat dit nog erger

maak, is dat julle slapgatte oral is! ‘n Kwart van die wêreldbevolking is glo slapgatte, of slapperige gatte. Jy kan nie jou dinges draai nie, of jy loop jou in ‘n Slappies vas...
DRAAI WEG VAN GEHOOR EN STAP ‘N DENKBEELDIGE APTEEK BINNE

Môre Mnr die Apteker.

APTEKER:
Môre môre Mev Harding! Mooi dag né? Goeie tyd van die jaar vir ons aptekers: hooikoors, allergieë, herfsgriep, aambeie. (iets anders in die plek van ‘aambeie’?) En wat kan ek vir u doen?

H:
Ek benodig... my man benodig EFFENS GEDEMP ... Viagra.

A:
Skuus? Bietjie harder asb.

H:
Viagra.

A:
Ek het gehoor. Wou net hê almal in die apteek moet ook hoor! Haha! So ou Slappies is getrou aan sy naam?! Haha!

H:
Ek sal dit waardeer as u nie so persoonlik en onprofessioneel sal wees nie!

A:
So hy’t hulp nodig om... positief te bly?

H:
Skuus?

A:
Om kop op te tel! Haha! Self uitgedink. Wag al lank om daai grappie te maak.

H:
Kan ek asb nou die ...item kry?

A:
Natuurlik Mev Harding. DRAAI OM EN HAAR PAKKIE VAN RAK Hierso. Dit sal jou man laat...

H:
Dankie. KYK NA PAKKIE Maar dis nie ... wat ek gevra het nie! Dis ...

A:
NEEM PAKKIE Oeps! Dis purgasie. Die pakkies lyk so eners. My fout! Amper het ou Slappies gegaan toe hy moes gek...

H:
GEÏRRITEERD Kan ek asb die regte produk kry?

A:
Natuurlik Mev. Net gou die ou sakie regstel... TIK OP DIE REKENAAR ... Sê my, hoekom voer hulle die ou ooms in die ouetehuis elke aand ‘n kwart viagra...

H:
Nee ek weet nie en stel beslis nie belang om te weet nie, dankie. Die pakkie asb!

A:
Hier’s hy! GEE PAKKIE Lekker dag vir u. Ek bedoel lekker nag! KNIP-OOG

H:
Hgh! GRYP PAKKIE EN STORM UIT

A:
Groete vir Styfies!

SLAPPIES TREK SY APTEKERS-JAS (EN BRIL?) UIT EN LOOP NA GEHOOR.

S:
Ek het nog ‘n ding geleer oor hardegatte. Moenie small talk met hulle maak nie. Hulle haat dit, g’n mens weet hoekom nie. Jy moet tog net eers hoor hoe gannit en vertel van jou oppe en affe, voor jy met besigheid begin. Maar hardegatte... o nee. Small talk is die oersonde. Terloops, ek het die Afrikaans uitgedink vir small talk - kekkel-kakkies! Mooi né?

Wel, ek het die hardegat se allergiese reaksie op kekkel-kakkies weereens beleef toe ek ons bankbestuurder gaam sien het. Dis toe Harda die koors gehad het en sy my noodgedwonge moes stuur...

SLAPPIES STAP IN BY BANK

S:
Verskoon tog, waar is die bankbestuurder se kantoor. My vrou het vir my ‘n afspraak gem... o dankie. Tussen hakies: jou dik serp pas mooi by jou ... SYDELINGS ... dik arms, ek bedoel jou donker oë! Daai kantoor daar oorkant? Dankie Dame.

STAP IN BY DIE BESTUURDER SE KANTOOR

S:
Môre Mevroutjie!

BB (H):
Me Haasbroek asseblief. More Mnr Slabbert.

S:
Sommer Slappies, almal noem my Slappies.

BB:
Mnr Slabbert, wat kan ek vir u doen?

S:
Netjiese kantoor wat jy hier het. Dit self so mooi gemaak? A nee a, waar's die foto's van die ou kinnertjies?

BB:
Ek is... ongetroud. Kan ons asseblief...

S:
Ongetroud? Een van die gelukkiges! LAG UITBUNDIG Dan seker ook nie kindertjies nie ... Jy is nie dalk 'n ... Ek bedoel, hoe lank is jy al bankbestuurder?

BB:
*Tak*bestuurder. Sewe jaar lank. Wat is u...

S:
Sewe jaar? Kry mens ook in jou werk die sewe jaar jeuk, soos in die huwelik? O ja, maar jy's nie getroud nie, dus sal jy nie weet nie.

BB:
Kan ons by die punt uitkom? Ek het nie heeldag tyd nie.

S:
Nonsens! Waarvoor die gejaag?

BB:
Tyd is geld.

S:
Tyd is liefde, sê ek altyd. En liefde is om aandag te gee aan die die mense om jou... SY AANDAG WORD AFGELEI DEUR IETS OP HAAR LESSENAAR Watse oulik katoetertjie is dit dié?

BB:
Sal u asseblief nie met my ... goed...

S:
Moenie sê nie. Dis ‘n ... potloodskerpmaker! Reg? Reg?

BB:
Sal u asseblief my gebruiksartikels uitlos!

S:
Ekskuus dat ek leef! PLAK DIT DADELIK TERUG OP DIE LESSENAAR Stoute handjie! Los die tannie se goed! SLAAN SY EIE HAND OM DIE BESTUURDER TE MOK

BB:
Nie daar nie! SKUIF DIT NA DIE OORSPRONKLIKE PLEK. GEÏRRITEERD Mnr Slabbert, die doel van u besoek?

S:
O dit? Wel, dit gaan tans by die besigheid ‘n bietjie stram met kontantvloei. Nie dat ons in die moeilikheid is nie. Ver daarvandaan. Daar’s nie sprake van bankrotskap nie.

BB:
Ek verstaan. So wat wil u van my hê?
S:
Van bankrot gepraat: wat is die ooreenkoms tussen sekwestrasie en kastrasie?

BB:
HOOGS GEÏTTITEERD Mnr Slabbert, waarmee kan die bank help?

S:
Albei eindig platsak! LAG UITBUNDIG. DIE BESTUURDER LAG NIE Vang jy dit?

BB:
Kan ek asseblief die dokumente sien wat u moes saambring?

S:
Dokumente? O ja, dokumente... VROETEL IN SY SAKKE ROND. Dit moet hier êrens wees... My vrou moes...

BB:
Sonder die dokumente van die besigheid kan ek niks doen nie. Totsiens Mnr Slabbert. Ons tyd is buitendien om.

S:
Maar... maar... Kan ons nie maar... Dalk het my vrou dit in die kar gesit...

H:
En sorg asseblief dat u voorbereid is as u weer kom. Maak ‘n nuwe afspraak met my sekretaresse op pad uit.

S:
Harda gaan my afslag...

H:
Totsiens Mnr Slabbert.

SLAPPIES STAP BY DIE BANK UIT EN BY HUL WOONKAMER IN

PRAAT MET GEHOOR

S:
Soos julle kan sien is ons slapgatte altyd in die hondehok by die hardegatte. En hulle hou van magsposisies waar hulle niksvermoedende en goedbedoelende individue, soos ek, laat suffer oor die geringste ou dingetjie wat ons dalk sou verkeerds doen of nalaat om te doen. En hulle, hulle doen alles tog o so perfek. Maar ek het iets van julle hardegatte uitgevind wat toe nie so perfek is nie.

HARDA KOM OPGESTAP BRIESEND KWAAD (NATGEREËN AS DIT KAN)

S:
Wat gaan aan? Wat het gebeur?

H:
'n Haelstorm het my kar vol duike geslaan!

S:
Agge nee! Dis nou jammer!

H:
Jammer se voet! My kar is onherstelbaar beskadig, en dis als jou skuld.

S:
My skuld!? Hoe kan 'n natuurverskynsel, 'n haelstorm my skuld wees?! Haelstorms is niemand se skuld nie, Harda. Sulke dinge gebeur.

H:
Dis nooit niemand se skuld nie, Slappies. Iemand moet die skuld dra dat my motor so lyk.

S:
AAN GEHOOR Watch nou hoe word die uwe die brommer op die bollie... AAN HARDA En ek is die skuldige?

H:
Ja. As jy nie so gedraai het met die vorige aflewering nie, sou ek vroeër vertrek het en sou ek die haelstorm gemis het!

SLAPPIES KYK BETEKENISVOL NA GEHOOR

S:
My skuld?? EFFENS TONG IN DIE KIES Dan is die haelskade op jou bobene seker ook my skuld?! Dis ek wat jou forseer om sjokolade te eet!

H:
Jy soek vir my!

S:
Dan moet ek ook verantwoordelik wees vir al die ander motors en huisruite wat deur die storm beskadig is.

H:
Moet nou nie belaglik wees nie. Jy maak my so kwaad as jy so onlogies redeneer.

HARDA SE SELFOON LUI

Ek is nog nie klaar met jou nie. ANTWOORD SELFOON Mnr Hartzenberg! Goeie môre. Ja dis Harda Harding wat praat... Natuurlik Mnr Hartzenberg... Ek sal die voorlegging dadelik so aanpas... Dis goed so...

S:
AAN GEHOOR Hoor daar! So mak soos ‘n lammetjie. Ja Mnr Hartzenberg, Nee Mnr Hartzenberg, enige tyd Mnr Hartzenberg. Maar as sy van daai foon afklim... Eina! Dis wat ek eintlik oor haar wou geskinner het...

H:
Ek is nie ‘n moeilike mens nie, Mnr Hartzenberg... Ek wil niemand verontrief nie...

S:
STEEDS AAN GEHOOR Gmpf! Ek het ‘n ding uitgefigure: Harda is eintlik twee gatte gelyk. Buite haar gemaksone, teenoor vreemde mense, soos nou, is sy ‘n banggat. Wil nie aanstoot gee nie; ‘wat sal die mense sê?’; inskiklik, tegemoetkomend, wil ongewild wees nie, wil nie mense seermaak nie. Maar stap sy deur daai deur, of klim sy van daai foon af, boeta! Dan is sy haar ou self - Harda Hardegat.

H:
Dan maak ons so Mnr Hartzenberg... Ek hoop u is gelukkig... Dan is ek bly. Totsiens en ‘n aangename dag verder, Mnr Hartzenberg.

S:
AAN GEHOOR Watch nou!

H:
AAN SLAPPIES Soos ek besig was om te sê: jy maak my so kwaad as jy so onlogies redeneer. En die haelskade *is* jou skuld.

S:
En ek is lief vir jou ook. En as jy wil hê ek moet die skuld dra, dan sal ek. Enigiets vir vrede.

H:
Dis nie nodig om sarkasties te wees nie. Feit bly staan my motor is ‘n wrak en dit gaan duisende kos en als is net een groot gemors.

S:
Dis nie so erg nie. Soos oorle Oupa sou gesê het, dis wêreldsgoed. Gaan maak eerder vir ons ‘n lekker koppie tee.

H:
Ek het nie tyd nie. Die kind se huiswerk moet nog getjek word, en die skottelgoedwasser moet nog uitgepak word, en die rekeninge moet betaal word, en agenda vir die vergadering moet nog opgestel word en die ... UITASEM

S:
Vrou, wat jaag jy so? Die Prediker sê dis als ‘n gejaag na wind. Net om na jou te kyk maak my moeg. Jy moet leer om te chill.

H:
Dalk is jy reg. ‘n Koppie tee sal dalk help.

S:
So moet ‘n bek praat. Ek sit solank hier en lag vir my eie grappe tot jy die tee bring.
HARDA AF

SLAPPIES GAAN SIT EN TV KYK (SPORT NATUURLIK) MET TJIPS EN BIER. MAAR RUGBY KYK GELUIDE. DRAAI DAN NA GEHOOR

SLAPPIES:
‘n Hardegat se lewe draai om roetine. Beplanning! Dagboek. Lysies! Die lewe gebeur nie met julle nie. Julle laat dinge gebeur. Julle hardegatte daar buite sal dit weet.
DRAAI TERUG NA TV Ref, maak oop jou oë. Daai bal was myle vorentoe! TERUG NA GEHOOR Vandag se refs. Vandat hulle begin het om nuwe refs in te bring... Sorrie! Ek dwaal soms ‘n bietjie af. Waar was ek? O ja. Julle hardegatte glo nie in tyd mors nie.

Elke oomblik moet mos benut word. Die horlosie is julle baas. Julle kan nie verstaan dat daar mense is, wonderlik gebalanseerde mense, wat die lewe vat soos hy kom nie. Vir julle het elke ding sy vasgestelde uur. 'Plan your work and then work your plan'. GOOI OOG GEREELD TUSSEN IN NA DIE GAME OP TV Paas die ball! Magtag man, die vleuel het 'n oop doellyn voor hom gehad! TERUG NA GEHOOR. Jammer! Alles word beplan! Alles! Waar's die spontaniteit, die verrassings element? Selfs fun word beplan...

HARDA:
KOM INGESTAP MET BOEK IN HAND. KYK OP HAAR HORLOSIE Slappies, dis tyd.

SLAPPIES:
Tyd waarvoor?

HARDA:
Dis Vrydagaand 21:30.

SLAPPIES:
En? KYK NOG NA GAME

HARDA:
Dis ons gereelde tyd vir... jy weet...interaksie.

SLAPPIES:
Vir 'n man is dit enige tyd tyd...

HARDA:
Soos ek gesê het, dis tyd. Sal ons kamer toe gaan?

SLAPPIES:
Nou?!

HARDA:
Ja, nou.

SLAPPIES:
Maar ek ky nou die game tussen ons en Argentinië.

HARDA:
Kom! Pause die TV. En nee, ek gaan nie solank alleen aan nie! ONDERLANGS Nie weer nie.

SLAPPLIES:
Ag okei dan. PAUSE DIE GAME, SIT TJIPS NEER, VAT 'N LAASTE SLUK BIER

H:
Onthou om jou hande te was.

SLAPPIES:
Kaptein! SALUEER AGTER HAAR RUG. RUIK DAN AAN HANDE, GOOI DIE LAASTE BIETJIE BIER DAAROP, VRYF HULLE TEEN MEKAAR EN VEE DIT AAN SY BROEK AF. STAP AF, OMKYK-OMKYK NA TV

MOMPEL Sy moet net nie weer sê: 'Slappies, bewys nou asb tog hierdie keer jou naam verkeerd!' nie.

DIE TWEE STAP OP

S:
Wat's dit? WYS NA BOEK

HARDA:
Dis 'n boek oor posisies.

SLAPPIES:
Posisies? Soos in ...?

HARDA:
Soos in seks posisies. Kama Sutra.

SLAPPIES:
VAT DIE BOEK EN BLAAI Kamma stoutra, as jy my vra. Wat maak jy met die boek?

HARDA:
Ons gaan dit toepas.

S:
Skuus?

H:
Ek het besluit ons intieme lewe het stereotiep geraak.

S:
Ek dag jy hou van stereotiep. Dieselfde voorspelbare roetine met dieselfde vooraf beplande resultaat...

H:
Korrek. Maar as ons iets nuuts sou wou probeer, moet dit volgens die regte reëls geskied.

S:
En dis waar die boek inkom?

H:
Weereens korrek. BLAAI IN BOEK

S:
Maar hoekom ‘n volksvreemde boek? Hoekom nie eerder iets eg Afrikaans nie?

H:
Soos?

S:
Soos... DAAR GAAN ‘N LIG VIR HOM OP ... soos die F.A.K.!

H:
Die F.A.K.?!

S: Ja! Die FAK. Uitgespreek ... F.A.K. (LW: NIE FUCK NIE MAAR SOOS DIE LETTERS IS. DIE HOORDER SÊ ‘FUCK’ IN HULLE KOPPE) RAAK OPGEWONDE Dis vol beproefde raad en ... posisies!

H:
Hu? Waarvan praat jy?

S:
Ja! SING ‘Hoe ry die Boere sit-sit so!’ DEMONSTREER BAIE SUBTIEL HARDA BEGIN ONNADENKEND ‘N REËL OF TWEE SAAMSING VOOR SY BESEF WAT SY DOEN. KOM DAN DADELIK WEER TOT HAAR SINNE.

H:
Wat nog? (NIE SOOS IN ‘N VRAAG NIE, MAAR SOOS IN: HEMEL BEHOEDE MY!)

S:
VERSTAAN HAAR MET OPSET VERKEERD Wat nog? NOG ‘N LIGGIE GAAN OP. SING ‘Daar kóm tant Alie, tant Alie, daar kóm tant Alie, tant Alie om die ...

H:
Stoppit!

S:
EFFE GEDEMP, MAAR SING VOORT MET ‘N GLINSTER IN DIE OOG ‘om die ... fyndraai...’

H:
Kan ons asseblief terugkeer na ernsige sake. Ons sal hierdie boek volg. Dit gee stap vir stap instruksies.

S:
AAN GEHOOR. Sien julle? Dis presies waarna ek verwys. Baai baai spontaniteit. Hallo reëls en regulasies. Help my!

H:
Ek het besluit ons sal hiermee begin. WYS IN BOEK Stap 1: Draai jou lyf 90 grade. Jy konsentreer nie!

S:
Wat moet ek sentreer?

H:
Let asb op en doen presies wat ek sê. Stap 2: Die boek skryf voor dat ek op die rand van die tafel sal sit... Jy moet nou stadig jou ... Let in hemelsnaam op! Ons sal dit nooit suksesvol regkry as jy ... jouself is nie. Stap 3: Sit jou hande hier. Stap 4: Nou moet ons stadig...

SLAPPIES ONBEHOLPE. HARDA PROBEER HAAR BES OM HOM TE KRY OM DIE VOORSKRIFTE TE VOLG. IN DIE PROSES RAAK SLAPPIES VATTERIG

H:
Hou op vryerig raak ek luister wat ek sê!

S:
Maar dis mos waaroor alles gaan!

H:
Ag, kom nou!

S:
Nou al?

H:
Ons gaan net weer deur die stappe, voor ons ... tot die daad oorgaan. Fokus asb hierdie keer. Stap 1...

S:
As jy ‘n vet vrou het (wat jy nie is nie!) dan is dit ‘n geval van SING ‘Bobbejaan klim die berg!’ Of, of, seks in die ouetehuis: SING ‘Ou ryperd ons ry die pad tesame.’

H:
Asseblief Slappies! Kan jy vir net een keer in jou lewe jou by die onderwerp bepaal.

S:
Wie se paal?

H:
Probeer net een keer in jou lewe om nie van als...

S:
Hier's die heel beste: 'Al slaan jou ma my driemaal op my ...kop, dan staan ek op, en ... kom en weer!"

H:
IGNOREER HOM Die posisie wat ek uitgekies het, is eenvoudig. Selfs jy behoort dit reg te kry.

S:
NEEM DIE BOEK BY HAAR EN BLAAI DAARIN Kan ons nie eerder hierdie posisie probeer nie? BUIG SY LYF EN DRUK HAAR OOK IN 'N ONGEMAKLIKE HOUDING IN As ons so aanhou gaan ek iets afbreek. Ek hoop net nie dis my...

H:
Gee hier! VAT DIE BOEK TERUG Jy't die boek onderstebo!

S:
G' n wonder nie. Amper was ons kinkie verby...

H:
Waar was ons nou weer?

S:
Van kinkie gepraat: gister die mooi een by Mike gehoor: Donald Duck kom by die apteek in om 'n kondoom te koop...

H:
GEÏRRITEERD Kan ons asb nou die ding regkry? Waar was ons nou weer? Stap 1...

S:
Jy laat seks soos werk klink. Kan ons nie maar eerder net, jy weet, stereotiep nie?

H:
Onsin! Ek het besluit dat ons hierdie ... tegniek sal toepas. Ek het reeds die eerste drie stappe geoefen.

S:
Geoefen? Alleen? Stoute meisie!

H:
Jy weet wat ek bedoel.

S
Daarvan gepraat: Die FAK het ‘n solo-stuk: ‘Vat jou goed en trek Ferreira!’
H:
Ons begin weer by stap een.

S:
SUG DIEP Nou goed dan. Wat moet ek nou weer waar sit?

H:
KYK OP HAAR HORLOSIE Kyk hoe het die tyd gevlieg. Die 15 minute wat ek opsy gesit het vir ons ... interaksie is om.

S:
Wat bedoel jy?!

H:
Dis jy wat ons tyd gemors het. Ons kan volgende Vrydag om 21:30 voortgaan. Hiers die boek. Bestudeer dit solank. As jy my sal verskoon.

S:
Maar, maar jy kan my nie so los nie!

H:
Ek het beplan om vir die volgende uur ons belasting te doen. As ék dit nie doen nie, sal dit nooit gedoen word nie ...

S:
Screw die belasting. Ons was besig om te ‘boekie’...

H:
Nou kan jy maar jou rugby gaan klaar kyk. LOOP UIT

S:
TREK VIR HAAR GESIGTE EN GOOI TEKENS AGTER HAAR RUG ‘Gentlemen, this was a limited offer. Terms and conditions applied!’ Ag nou ja. AAN GEHOOR Ek kan net sowel gaan klaar rugby kyk. Bal in die skrum is al wat vanaand ingesit gaan word.

STAP OOK AF

HARDA OP, FORMELER AS GEWOONLIK AANGETREK

H:
AAN GEHOOR Af en toe, net af en toe het ‘n slapgat tog sy nut. Al moet ek dit teen my sin erken.

Ek en Slabbert is die eienaars van ons eie maatskappy. Heelparty onderdane, ek bedoel werkers in my diens. Ek is die besturende direkteur, uiteraard. Almal weet watter chaos dit sou wees as Slappies die besigheid sou probeer bestuur.

Eenkeer wou die werkers staak oor louter nonsens.

HARDA GAAN STAAN AGTER ‘N TAFEL. SLAPPIES KOM SIT-LÊ LANGS HAAR

H:
AAN DIE GEHOOR WAT DIE WERKERS VOORSTEL Wat is julle klagtes hierdie keer? Praat met my. VOU HAAR ARMS Ek luister...

Dis louter onsin! Buite die kwessie...

Meneer, jou huislike aangeleenthede is nie nou ter sprake nie...

Nee, nee, dis verregaande. Ek sal dit nie toelaat nie...

Julle wil hierdie maatskappy op sy knieë dwing met sulke eise! Vergeet dit...

Dis my besluit en dis finaal!...

Dreig julle my met ‘n staking!? Ons sal sien wie gaan wen en wie gaan verloor!

HARDA GAAN SIT BOOS. SLAPPIES SIT SY HAND OP HAAR ARM EN STAAN TYDSAAM OP.

S:
Dames en Here, vriende, dankie dat julle nog altyd lojaal aan hierdie, julle maatskappy was. HY HET ‘N OOP EN UITNODIGENDE HOUDING Julle werksbevrediging en geluk is vir hierdie maatskappy baie belangrik.

Laat ek hoor: wat is julle behoeftes? Hoe kan ons help?... Ja, Annette?

Die bestuurstyl stink?... Dis nie omdat daar ‘n dinges in die drinkwater is nie? LAG TERWYL HY SKELM MAAR TERSLUIKS NA HARDA KYK Hoe stel julle voor moet julle bestuur word?... Soos ‘n sport-bra? Hoe’s dit?... Maksimum ondersteuning met minimum inmenging! Haha! Goeie een... Ek verstaan: *ons* WYS SUBTIEL NA HARDA hoef julle nie die heel tyd op te tjek nie. Julle weet hoe om julle werk te doen, en ons waardeer dit. Nog iets? Sipho?

AANVANKLIK IS HARDA SE LIGGAAMSTAAL NEGATIEF (ROL OË, ENS), MAAR GAANDEWEG VERBETER DIT

Fleksietyd sodat julle die erge verkeer kan vryspring en vroeër by julle gesinne wees?... Ja, ek glo die taxi's agtermiddae kan 'n nagmerrie wees.

Okei, ons kan daaraan dink... Mev Harding, sal u asb 'n nota daarvan maak?...

Enigiets nog? André? Terloops, hoe gaan dit nou met jou kind se voet na die operasie?... Ek is bly. Sê as daar nog iets is wat ons kan doen... Jy wou sê?

Eenmaal 'n maand wil julle die Vrydag-middag af kry om 'n langer naweek daarvan te maak?...

AAN HARDA Skattebol, ek bedoel Mev Harding, dit kan ons ook help.

TERUG BY WERKERS Dit gaan moeilik wees en kan produksie in die wiele ry. Hoe't julle gedink sal dit in die praktyk kan werk?...

Versprei die werkers se af Vrydae oor die maand... en julle sal die verlore ure op ander tye inwerk?... Julle sal 'n voorgestelde rooster opstel en voorlê? Great!

AAN HARDA Mev Harding, hoe klink dit vir jou.. vir u? Kan ons dit so reël?...

H:
Ons sal dit vir 'n maand op 'n proefbasis in die praktyk toets en daarna sal die direksie die resultaat evalueer voor ons dit permanent implementeer.

S:
Maw kom ons kyk of dit werk.

HARDA IS NOG STEEDS EFFE TEESINNIG MAAR KNIK INSTEMMEND.

S:
Nog iets? ... Niks? Julle is happy? ... Julle wil volgende maand 'n rekord maand maak? Wow!

SLAPPIES BEGIN HANDE KLAP EN MOEDIG DE WERKERS (DIE GEHOOR) AAN OM DIESELFDE TE DOEN. SLAPPIES SIT SY ARM OM HARDA EN HULLE WUIF VIR DIE WERKERS.

H:
Weet jy wat dit als tot gevolg kan hê?

S:
'n Gelukkige werkerskorps en hoër produktiwiteit?

H:
Was dit maar so. Maar hou dop: daar gaan 'n slapheid by die werkers intree. Jy't mos nou die deur daarvoor oopgemaak. As 'n mens die pinkie gee, dan...

S:
... dan vat hulle dalk net jou hand en vorm ‘n span.

H:
Moenie glo nie. Jy sal sien. Mense verwar goedheid met swakheid, en...

S:
My vrou, jy moet leer om te chill. Jy hoef nie als te beheer en te kontroleer nie. Als is vir jou so ernstig. Ontspan ‘n slag en geniet die lewe.

H:
Met ander woorde, wees soos jy? ‘n Slapgat?

S:
Wel, ja. Dit sal vir almal om jou – en vir jouself – die lewe soveel makliker maak.

H:
SKEPTIES, SELF EFFENS KATTERIG Jy dink so? Ek ‘n slapgat?!

S:
Chill Baby. Wag, ek moet waai. Ek het Mike belowe ek help hom met sy motorfiets. Moes al daar gewees het. Sien jou. SOEN HAAR SKRAMS EN VETREK

H:
DRAAI NA GEHOOR Wat gaan van die wêreld word as ons hardegatte begin chill? Dis dalk tyd om uit te vind...

HARDA AF. NA ‘N PAAR OOMBLIKKE KOM SLAPPIES OP VAN DIE ANDER KANT AF

INGESTAP EN MAAK DIE YSKAS OOP

S:
Nou vir ‘n ou eetdingetjie.

KYK EK KRAP SY KOP

S:
Harda! Wat gaan hier aan?

HARDA KOM INGESLOF. SLORDIG AANGETREK, SLAPGAT HOUDING

H:
Jis my ou, wat’s jou case?

S:
Daar's...daar's niks kos in die yskas nie!

H:
En?

S:
En ook nie bier nie!

H:
So? SLOF OM 'N STOEL NEER EN BLAAI LUSTELOOS DEUR 'N TYDSKRIF

S:
En... en... daar's niks om te eet nie. Wat gaan aan?

H:
Daar gaan niks aan nie.

S:
Dis die punt! Hier gaan niks aan nie. Hallo?

H:
Slappies, jy sê altyd ek moet chill. Wel, nou chill ek.

S:
VERWARD Maar, maar... kyk hoe lyk die plek? Jy't niks opgetel nie! Wat's jou case!?

H:
MOK HOM 'Jy met jou alewige lysies' en 'Moenie oor alles stres nie!' Wel, Slabbert, ek het besluit om jou raad te volg. TEL DIE KITAAR OP O, dit voel lekker. Kom chill saam met my. Ek gaan ook probeer om die ding te speel.

S:
Ek kan nie ontspan nie! Ek het nou-nou daai vergadering by die klub: hulle kies die nuwe voorsitter, onthou? Ek moet gaan klaarmaak. STAP AF En ek is honger...

S:
AAN GEHOOR Dis mos wat julle slapgatte daar buite dink: dat ons hardegatte dit oordryf: Als op sy plek, altyd voorbereid, weet nie hoe om te ontspan nie, bla bla bla. Neem die lewe te ernstig op, controll freaks.

SLAPPIES STORM TERUG

Daar's nie 'n gestrykte hemp nie!?

H:
O.

S:
Harda, hoor jy my? Daar's nie 'n gestrykte hemp nie! En waar's my sokkies?

H:
KOEL EN KALM Ek hoor jou. Ek weet nie waar jou sokkies is nie. Seker nog onder jou bed, waar dit gewoonlik lê tot 'iemand' dit daar gaan uitgrawe en in die wasgoed kas gooi.

S:
EFFENS HISTERIES Wat soek dit onder my bed?

H:
Dis wat ek ook wil weet.

S:
Hoekom is dit nie in my laai nie?!

H:
Seker omdat die hardegat wat dit al die jare gedoen het, opgehou het...

S:
Maar, maar jy kan nie! Wat gaan van my word?

H:
Ontspan, Slappies, ontspan!

S:
Hier's iets verkeerd! Hoekom doen jy dit?

H:
Soos jy gesê het: 'Harda, laat die lewe toe om net te gebeur. Moet aljimmers dit *laat* gebeur nie'. Wonderlike raad. Gaan haal tog vir my 'n bier in die ... o ja, iemand het vergeet om die bier voorraad aan te vul.

S:
Wat het met jou gebeur?

H:
Harda Hardegat has left the building!

S:
Maar, maar ek wil haar terug hê! Asseblief! Dis.. lastig sonder haar... sonder jou.

H:
Ons sal sien. En wat jou vergadering betref: Meneer die nuwe voorsitter van die klub, daar's skoon klere spesiaal weggebêre in die spaarkamer kas...

S:
Dankie tog!

HY SOEN EN DRUK HAAR

H:
Toe nou.

S
Dankie! Jy's 'n engel. En welkom terug!

H:
En daar's 'n bord kos in die yskas in die garage.

S:
Hoe sal ek ooit sonder jou kan klaarkom? Wees tog 'n skat ek gaan haal die kos en ...dalk so 'n bietjie warm maak?

H:
Daar gaan ons alweer. Terug na die slapgat 'default position'. STAP KOPSKUDDEND AF

S:
AAN GEHOOR Man, het sy my nou laat skrik. En is ek bly die oorspronklike Harda is terug. Ons slapgatte is nou maar eenmaal verlore sonder die hardgatte se 'ondersteunings-dienste'. Net jammer ek kan nie pick en choose watter dele van haar ek wil terug hê nie. 'n Mens se geaardheid is gewoonlik maar 'n package deal, lyk dit my. Saam met haar goeie versorging, kom haar 'control-freakisme'. Hardegatte is beheer-versteur. Hulle praat nie gewone sinne nie. Sy praat in opdragte! En as sy nog wel 'n vol sin gebruik, begin dit gewoonlik met: 'Hoekom het jy nie...?' Watch!

H:
Ek wil vir jou weer dankie sê vir jou deelname aan die gesprek tydens die werks-vergadering. Dis asof daar 'n nuwe gees van samewerking onder die werkers is.
SLAPPIES KYK VERDWAASD BEURTELINGS NA HAAR EN NA DIE GEHOOR

S:
Moet haar nie glo nie! Dis 'n truuk! Dis nie sy nie. Dalk is sy deur aliens abduct na hulle ruimte skip en toe het hulle iets aan haar gedoen...

H:
Ek wou nog sê: Slappies, hoekom het jy nie...

SLAPPIES KYK NA GEHOOR EN TREK SY SKOUERS OP

H:
Moenie wegkyk as ek met jou praat nie! Ek sê: hoekom het jy nie die asblik uitgevat nie?! Dis Dinsdag. Moet ek jou elke keer herinner?

S:
Ek was op pad om dit te doen, maar jy weet van vanmiddag se vergadering. Ek soek nog die verlore dokumente. En dan moet ek nog mondfluitjie oefen...

H:
Ek gaan daai ... ding nog in dieselfde asblik gooi. Jy mors soveel tyd daarmee. En as jy nog iets daarvoor kon wys...

S:
Jy sê ek het nie vasbyt nie, maar wanneer ek wel aanhou, dan...

H:
Die probleem met jou is jy hou meer van speel as van werk.

S:
So?

H:
Die lewe draai nie om speel nie! Ek werk my gat af om die maatskappy aan die gang te hou, en jy soek dokumente wat *jy* verlê het, en speel mondfluitjie! Dis net 'n verskoning om jou plig te ontduik! En as dit nie die mondfluitjie is nie, is dit rekenaarspeletjies.

S:
Die lewe is so kort en daar is nog so baie speletjies om te speel... Grappie!

H
Die lewe is nie 'n grap nie! Gaan gooi asseblief nou dadelik die asblik uit, maar maak eers die huis-asblikkies leeg.

S:
Goed Skat, reg skat SAGTER AGTER HAAR RUG Jou gat my Skat!

H:
DRAAI NA GEHOOR Dis hoekom ek sukkel om met hom saam te leef. Speel, grappe maak, 'n seuntjie in 'n grootmens lyf.

INTUSSEN IN DIE AGTERGROND ROL SLAPPIES BALLE VAN DIE WEGGOOI PAPIERE EN GOOI DOEL DAARMEE NA DIE ASBLIKKIE TOE

H:
Kyk daar! Hy maak van werk speel. Als word 'n game. Dis besig om my mal te maak. Hoe lank ek dit nog gaan uithou...

DRAAI HAAR KOP SKUINS EN LUISTER

Te laat! Daar gaan die Pikitup trok!

S:
Oeps! Môre is nog 'n dag!

H:
Môre kry ons kuiermense, dan ruik die agterplaas na vrot asblik!

S:
Toemaar, ek sal vir hulle sê dis iets wat jy geëet het.

H:
Kom! Dis tyd dat ons twee 'n hart tot hart gesprek het. Sit hier. Sit!

S:
Dit was net die asblik, no big deal...

H:
Die 'big deal' is dat ons, ek nie so kan aangaan nie.

S:
Hoe aangaan nie?

H:
TEL 'N KOEVERT OP EN HOU DIT UIT NA HOM Het jy toe daardie kwotasie deurgestuur na BroMart? DAAR IS DONDERWEER IN HAAR STEM

S:
Ja... Ek dink so... Hoekom?

H:
Hulle beweer hulle het nie ons kwotasie gekry nie en gevolglik het ons nie die kontrak gekry nie! GOOI DIE KOEVERT VOOR HOM NEER

S:
Oeps!

H:
Weet jy hoeveel dit ons maatskappy gaan kos!?

S:
Jammer my Skat...

H:
Jou gat my Skat! Jy's 'n nul op 'n kontrak!

S:
Ek wou dit nog doen...

H:
Jou probleem is jy heg geen waarde aan geld nie! Jy verstaan nie die konsep van

sukses en prestasie nie! Vir jou is die lewe een lang gejol en gechill. Harde werk bestaan nie in jou woordeskat nie!

S:
Ouch!

H:
Slappies Slabbert, ek dink nie ek kan langer met jou saamleef nie.

S:
Jy bedoel...?

H:
Ons probeer, ek probeer, maar ons is net te verskillend.

S:
Maar, maar dis maar soos die lewe is...

H:
Nie vir my nie, nie langer nie. Slappies, ons uitgangspunte verskil hemelsbreed.

S:
Jy bedoel... dis die einde van die pad vir ons twee?

H:
Kyk, ek sê dit nie maklik nie, en daar is Hardene om aan te dink, maar...

HAAR SELFOON LUI. HARDA ANTWOORD. DIS SLEGTE NUUS.

H:
Goeie middag. Dis Harda Harding... Nee! Dit kan nie wees nie! Dit mag nie wees nie... My arme kind. Wat het gebeur?... Ek kom dadelik!

S:
Wat is dit? Wat's fout met ons kind!?

H:
Sy's deur 'n kar omgery.

S:
Het sy iets oorgekom? Is sy...

H:
EFFENS BUITE BEHEER Hulle is op pad hospitaal toe met haar. Hulle weet nie hoe

ernstig dit is nie. Ek het jou gesê ons moes haar nooit in daai skool gesit het nie. Daar's te veel verkeer voor die skool verby. Maar jy wou nie luister nie. Nou's ons kind...

SLAPPIES VAT HAAR OM HAAR SKOUERS EN KALMEER HAAR

S:
Ons kan later die dinge uitpluis. Gaan trek gou vir jou iets warms aan dan stoot ek solank die kar uit die garage.

H:
Wie dit ook al is wat dit aan my kind gedoen het, gaan boet! Seker 'n verdomde ...

S:
RUSTIG EN IN BEHEER Jy weet watter hospitaal? Gaan maak gou klaar. Ek wag by die kar...

KOM AAN BY DIE HOSPITAAL SE ONTVANGS

H:
AAN SEKURITIETSWAG Waar's my kind? ... Opname toonbank? Waar's dit? Hoekom plekke soos hospitale nie ordentlike aanwysings het nie, gaan my verstand...

S:
Hier's dit reg voor ons. AAN DAME AGTER TOONBANK More dame. Hoe gaan dit vanmôre?

H:
Ons kind was in 'n motorongeluk. Ons wil haar onmiddellik sien. Waar is sy?... Daar's nie nou tyd vir vorms nie, magtag! Ons kind lê êrens daar binne en doodgaan en jy wil hê ek moet vorms invul!? ... Wat?! Eers betaal ook!? Dis verregaande. Hoe durf...

S:
RUSTIG Dame, ek verstaan dat daar papierwerk is, en ons sal dit graag doen. Kan ons nie dalk net ter wille van ons gemoedsrus eers gou... Dankie baie. Hardene Slabbert. Harda, gee asb. vir haar ons kredietkaart. Dit sal okei wees. Gee net die kredietkaart. Ons gaan net uitvind wat aangaan dan is ons nou-nou terug vir die vorms. Dankie weereens. SIT SY ARM OM HARDA SE SKOUERS Kom ons gaan soek ons kind.

H:
HALF HISTERIES Maar sê nou sy het breinbeserings? Sê nou sy kan nooit weer loop nie? Sê nou sy . . . .

S:
VAT HAAR AAN HAAR SKOUERS EN DRAAI HAAR NA HOM TOE Kalmeer nou. Dit gaan nie help om op hol te raak nie. Kom, haal diep asem. ASEM IN En uit.

HARDA: WORD RUSTIGER. HAAL SAAM MET SLAPPIES DIEP ASEM IN EN BLAAS UIT.

S:
So ja, nog ‘n keer. Asem in . . . . en uit. BEIDE SLAPPIES EN HARDA HAAL DIEP ASEM IN EN BLAAS UIT.

S:
Dis beter. Kom ons gaan soek nou die dokter.

STAP IN GANG AF. ONTMOET DIE DOKTER.

S:
More dokter. Ons is Hardene Slabbert se ouers...

H:
Hoe gaan dit met haar? Wat doen julle om haar... wat bedoel jy julle doen julle bes!? Julle bes is nie goed genoeg nie. Dis ons kind wat daar lê...

S:
Dr, dankie vir wat julle doen. Jy sal ons op die hoogte hou? Mag ons maar na haar toe gaan ... dankie. AAN HARDA Die beste wat ons nou vir ons kind kan doen is om kalm te bly...

H:
Hoe kan ek kalm bly? Daar moet iets wees wat ons kan doen. Ek gaan ‘n tweede...

S:
Dit sal nie nodig wees nie. Die dokter sê sy’s okei. Kyk, daar lê sy!

H:
Hallo my kind. Hoe kon jy so onverantwoordelik gewees het...

S:
Hallo my Engeltjie. Jy’t ons laat skrik. Hoe voel jy?

H:
Ek gaan die beheerliggaam dagvaar. Hulle weet al lankal van die gevaarlike situ...

S:
Kom sit ‘n bietjie rustig hier by ons kind.

H:
Die vorms moet nog ingevul word. Jy het belowe...

S:
Dit kan ‘n paar minute wag. Sit. KYK NA KIND Daar slaap sy weer. Sy lyk okei.

H:
Jy's reg. Dat klein Hardenetjie nog by ons is, is al wat tel.

HULLE SIT VIR 'N PAAR OOMBLIKKE EN STAAR NA HUL KIND

S:
Jy't vir ons 'n mooi kind gebaar. Dankie.

H:
Moet jy dit so plat stel? Maar jy's reg. Sy's 'n engel.

S:
Ek onthou nog toe jy daar in die kraaminrigting gelê het, pas na die bevalling. Jy't vir my so beautiful gelyk.

H:
Ek?! Ek was natgesweet en... flou... en...

S:
Wat deur my kop gegaan het was hoe bevoorreg ek was om 'n vrou soos jy te hê.

H:
Regtig? Ek kan dit amper nie glo nie. Jy was maar net opgewonde oor die baba.

S:
Dit ook. Maar my hart was warm vir jou.

H:
NEEM SY HAND Dankie, my Man. Ek onthou weer hoe dankbaar ek was toe jy my hand vasgehou het tydens die bevalling. Dankie dat jy al die tyd daar was vir my.

S:
Ook deur al jou moods voor die tyd!

H:
EFFE SPEELS Jy's laf. Ek onthou niks daarvan nie.

S:
En wat van jou cravings? Papaja met Worcestersous!

H:
En komkommer.

S:
Toe wou jy dit éét...

H:
SLAAN GEMAAK ERGERLIK NA HOM, MAAR LAG Sies, jou nare mens!

S:
Onthou jy toe ons pas begin uitgaan het?

H:
Sal ek jou toenaderings-sin ooit vergeet.

S:
Dis nou my pick-up line?

H:
MAAK SLAPPIES NA 'Dame, het jy geweet jou bloes se knope is *nie* oop nie?'

S:
En jy't geantwoord: 'Natuurlik weet ek dit. Dis om privaat eiendom te beskerm.'

H:
'Jou geluk ek 's 'n eiendoms-agent. Miskien kan ek 'n waardasie van die eiendom oor 'n koppie koffie doen...?

S:
'Hierdie eiendom is nie te koop nie.'

H:
MOK STEEDS 'Oeps! Dan's daar ook nog 'n elektriese heining om die *privaat eiendom* te beskerm.' GEWONE STEM Slappies, was ek so... onbereikbaar en ontoeganklik?

S:
Jy was vir my een moerse uitdaging – om die privaat eiendom myne te maak.

H:
o ja!? Ek het al vergeet hoe... orig jy was. Van dag een af.

S:
Kon jy my kwalik neem? Onder daai kuise klere van jou het jy 'n lyf gehad... Oe! Van dag een af wou ek jou dood-vry.

H:
En nou?

S:
Nou's ek spyt ek het nie! Grappie! Ek moet sê: jy het nogal *hard to get* gespeel.

H:
Maar jy't nie opgegee nie. Onthou jy hoe jy onder my koshuis venster *geserenade* het? Ek was so verleë, maar al die meisies in die gang het gedink jy was cool.

S:
Ek onthou ek het op my een knie gestaan. HY BEGIN SING 'YOU FILL UP MY SENSES' OF 'N ANDER GEPASTE LIED (LIEFS AFRIKAANS?) HARDA SE EERSTE INSTINK IS OM HOM STIL TE MAAK, MAAR SY ONDERDRUK DIT EN BEGIN SELFS SAGGIES SAAMSING. HULLE KYK SAAM NA HULLE KIND

H:
Jy was so... voor op die wa. Jy't by ons koshuis ingestap so asof die plek aan jou behoort.

S:
Sou dit nou nie lekker gewees het nie.

H:
IGNOREER SY LAASTE OPMERKING Tog het ek op 'n vreemde manier daarvan gehou. En jy't net geweet hoe om my te hanteer, hoe om my te laat ontspan en na die mooi dinge in die lewe te kyk.

S:
En ek was so trots om jou myne te noem. My vorige meisie was mos windgat-slapgat soos ek. Sy't my die hele tyd upstage – beter grappies as ek gemaak. En dis 'n no-no vir enige man. En sy was kasueel by die punt van slordig verby.

H:
En toe?

S:
Toe kom jy. Stylvol. Ek wou jou net vir almal wys.

H:
HALF VERLEË Toe nou, stop dit. Dit was nie so erg nie.

S:
Dit was! Oral waar ons gekom het wou ek jou geparadeer soos 'n ... kampioen skoukoei.

H:
En nou?

S:
Nou's jy nog steeds bietjie van 'n koei...

H:
SPEELS Pasop vir jou!

S:
Maar jy's nog steeds my kampioen en ek is nog steeds so trots op jou.

H:
Maar nou lei ek jóú aan die neus rond...!

S:
Kan ek daai erkenning asseblief op skrif kry? Maar laat ek vandag erken: sonder jou sou ek maar ietwat van 'n *drifter* gewees het.

H:
En sonder jou was ek 'n ... stuk masjienerie.

S:
Harda, ek is baie lief vir jou, al is dit nie aldag maanskyn en rose nie.

H:
En ek vir jou, al sê ek dit nie heeltyd nie. HULLE DRUK MEKAAR. HARDA TREK NA 'N PAAR OOMBLIKKE WEG Waar was ons nou weer? O ja, die vorms. Bly jy hier by Hardene dan gaan ek die nodige dokumentasie in orde kry.
S:
En 'n ou koffietjie? Die kafeteria is langs die ingang.

S:
Ek maak so. STAP WEG EN DRAAI OM Slappies?

S:
Ja?

H:
Dankie. Ek, van alle mense, het dit vandag verloor. Dankie vir jou.

S:
Ons is 'n team...

HARDA AF. SLAPPIES DRAAI NA SY KIND

S:
Ek sien jy's wakker. Hoe voel jy? Ons sal jou so gou moontlik uit hierdie aaklige hospitaal klere moet kry... Blou is nie jou kleur nie.... SMALL TALK

H:
AAN GEHOOR Die lewe het die manier om ons soms tot ander insigte te dwing.

Krisisse laat ons dinge, en mense in ‘n ander lig sien. Dis ons *andersheid* wat ons aanvanklik na mekaar aantrek, daarna is dit juis daai andersheid wat ons kan begin irriteer.

Maar of ons dit nou wil weet of nie: die slapgatte het die hardegatte nodig en glo dit as jy wil - die hardegatte het die slapgatte nodig. Ons moet maar net eenvoudig geduld hê met mekaar, want twee halwe eiers kan saam ‘n vol dop maak...

INTUSSEN HET DIE TONEEL AGTER VERANDER TERUG NA HUL WOONKAMER.
SLAPPIES IS WEER MET SY MONDFLUITJIE

S:
Harda, Engel, ek dink ek het dit!

H:
Het wat?
S:
My liedjie! Hy’s klaar! Vasbyter het gewen.

H:
Dis hoog tyd ... Ek bedoel: wow! Dis wonderlik. Kan ek dit hoor?

S:
Ek sukkel nog hier’s dit ...

HY SPEEL “YOU FILL UP MY SENSES...” , DAN BEGIN SY SING EN HY VAL IN. HULLE SING NET DRIE OF VIER REELS EN EINDIG MET “COM FILL ME AGAIN”.
TONEEL EINDIG MET HARDA OP SLAPPIES SE SKOOT IN OMHELSING.

GORDYN